NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA
blitspos
Jaargang 15 – Uitgawe 25
28 Julie 2022

# Om te bewaar wat aan ons toevertrou is

Om *Blitspos* te ontvang, stuur 'n e-pos na bladuitleg@nhk.co.za of grafies@nhk.co.za en versoek dat u naam op die versendingslys geplaas word

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

**Die een of ander tyd moet ons almal weer die dinge tel wat ons kán tel – hetsy by die werk of by die huis (linnekas, koskas, garage, ja selfs jou sokkielaai!), of by die kerkgebou. Ons moet rekenskap gee van ons oppaswerk.**

So ook by ons Kerkmuseum. In hierdie stadium gaan dit dol by die Museum. Dis asof die winter my nuwe woema gee. Ek, my vrou Janeke, en my dogters Madeli en Taneli, asook ons Museumskoonmaker Zeck Manokore, pak reg en maak skoon, sorteer en tel vir die vale!

Inventarisse word per boks in die stoorkamer opgestel – ongeveer 80 bokse. Bokse word met groot, helder plakkers genommer. Ongenommerde items word genommer met spesiale etikette (sonder om die voorwerp te beskadig) en die aanwinsregister word aangevul, in hierdie stadium nie chronologies nie, maar soos daar boks vir boks, rak vir rak en kas vir kas deur alles gewerk word. Meer as 500 ongenommerde voorwerpe is nou genommer en kortliks beskryf. Dit sluit nie die ongeveer 300 geraamde portrette, skilderye, plakkate en adresse in nie. Leë bokse, verpakkingsmateriaal en 'n klomp geraamde stukke word geberg in die bovertrek van Wonderboompoort se konsistorie.

Voorts word voorraad opgeneem van alle toerusting, kaste, tafels, rakke en dies meer. Alles word eers sekuur in 'n hardebandboek opgeskryf en dan weer in 'n rekenaarprogram ingevoer. Die inventaris word op meer as een plek bewaar.

Die resultaat is natuurlik voor die hand liggend. Nou sal ek weet wat alles in ons Museumversameling is, en presies waar dit is. Dit is soekbaar en vindbaar, veral vir navrae en navorsing. Wat bymekaar hoort, word ook makliker geïdentifiseer. So het ek reeds 'n paar raaisels kon oplos, as't ware legkaarte in mekaar kon pas. En is daardie aha-momente nie tone-omkrul-lekker nie! Ek het sommer meer as een keer regop gespring en uitgeroep van vreugde – my dogters kan daarvan getuig.

Met al die gewerskaf kon nutsmanne ook krane, toilette, deure, ligte en die alarm herstel of verbeter. Verskuiwings word ook in die uitstalling aangebring. Nuwe toerusting en voorwerpe word voortdurend ontvang – natuurlik volgens streng versamelreëls. Ons het 'n nuwe Museumpamflet. Die Facebook-groep "SP Engelbrecht Museum" bied ook interessanthede. 'n Pretoggend by die Museum word beplan, waarby ons gemeentes en die gemeenskap wil betrek.

Op 1 Junie 2022 was ek reeds vyf jaar lank amptelik betrokke by ons Museum. Ek weet ek het nie daarvoor geleer nie en die "papiere" ontbreek dus. Sjoe, maar het ek baie geleer die afgelope jare! Bekwame leermeesters en inspireerders staan my en ons Museum met raad en daad by. Applous vir die Museumkomitees oor die jare, wat daartoe bygedra het dat ons tans steeds ons kosbare Museuminhoud kan oppas en vir besoekers toeganklik kan maak. Dankie aan almal wat ook via Facebook help met handskrifontsyfering en saam kopkrap oor vreemde objekte, of my in kontak bring met skenkers of hul nageslag. Dank ook aan gemeentes wat my toelaat om hul kerkgeboue in detail te fotografeer vir visuele dokumentering.

Ek wil nog soveel leer en lees. My ideaal is om elke voorwerp se storie te leer ken en om elke voorwerp individueel af te neem. Mag die Here my die genade gee, en die NHKA my steeds die geleentheid gun om my gawes hier te kan uitleef.

Prof SP Engelbrecht (1891-1977) het waarlik 'n versiendheid – reeds van 1905 – aan die dag gelê. Hy was speurder, versamelaar en passievolle bewaarder by uitnemendheid. Mag sy nalatenskap lank leef!

**Ds C Johann de Bruin**
**Kurator: SP Engelbrecht-museum**

## Lief en leed

- Ds DJR (Danie) Malan se moeder, **mev Naomi Malan**, is Maandagoggend 25 Julie oorlede nadat sy geruime tyd siek was. Sy vader, mnr Danie Malan, is in September 2004 oorlede; hy was lank diaken, ouderling en skriba in Gemeente Kempton Park-Oos. Die egpaar was geliefde en gerespekteerde, aktiewe en meelewende lidmate van die gemeente, en niks was ooit vir hulle te veel nie. Die roudiens op Vrydag 29 Julie om 11:00 in Kempton Park-Oos sal deur dr JC (Christo) van der Merwe gelei word. Ons innige simpatie gaan aan ds Malan en die familie.

- Ds HA (Hennie) Retief (emeritus) se moeder, **mev Juliana Retief** (93), is Dinsdag 19 Julie oorlede. Die roudiens in Gemeente Sionspoort op Donderdag 21 Julie is deur dr JH (Johan) van Staden gelei. Ons innige simpatie gaan aan ds Hennie, Loraine en hul familie.



Mev Trudie Joubert

- Ons het in die uitgawe van 23 Junie berig oor **mev Trudie Joubert**, vrou van ds Henk Joubert van Welgelegen-Pietersburg, wat in die hospitaal opgeneem is weens ’n groot opbou van vog in die brein. Ds Joubert het intussen dank uitgespreek vir die meelewing. Hy sê hulle beleef die krag van die gemeenskap van gelowiges en waardeer elke gebed. Mev Joubert was vir ’n paar dae tuis voordat sy weer geopereer is – rekonstruktiewe chirurgie aan die nek wat die drukking drasties sal verminder en die hoofpyne en sig sal verlig. Die chirurgie het goed verloop en sy was al die volgende dag sonder die hoofpyne en skrefiesoë van voorheen. Die degenerasie in die nek was egter ingrypend en die chirurge moes herbelyning van die nek ook doen en ’n ondersteunende plaat insit – haar liggaam moet nou daarvolgens aanpas, en dit het maar sy uitdagings. Ons bid haar baie sterkte en groot beterskap toe.

- **Die volgende predikante verjaar tot 5 Augustus, en word hartlik geluk gewens:**
  - Donderdag 28 Julie: Prof GMM (Gert) Pelser (86) (emeritus)
  - Vrydag 29 Julie: Ds A (André) Thomas (53) (Oos-Moot)
  - Saterdag 30 Julie: Di PWAN (Pieter) Bester (49) (siekte-emeritaat), SJ (Sarel) Oosthuizen (60) (Stilfontein-Wes) en DW (Danie) van der Watt (66) (emeritus)
  - Sondag 31 Julie: Dr JH (Jan) Vorster (65) (emeritus)
  - Woensdag 3 Augustus: Ds DZ (David) du Plessis (69) (emeritus)
  - Donderdag 4 Augustus: Di JJ (Jan) Claassen (55) (Naboomspruit) en PS (Stephan) van Tonder (69) (emeritus)
  - Vrydag 5 Augustus: Ds PW (Duwies) Duvenage (62) (Barberton)

## Gemeentes en bediening




- **Ds JJ (Johan) Greyling** lewer sy intreepreek by Gemeente Bethal op Sondag 14 Augustus om 11:00. Belangstellendes wat die geleentheid en die verrigtinge na die diens wil bywoon, moet asseblief **teen 7 Augustus** vir Lietie by 082 771 4112 laat weet.

- **Ds MS (Marissa) Kidson** van Pretoria-Wes (deeltyds) het nie die beroep na Witfield (deeltyds) aanvaar nie.

- Instansies wat **uitstallings tydens die AKV** wil opstel, kan **dr Wouter van Wyk voor die einde van Julie 2022** kontak by wouter@nhk.co.za. Kerkverwante uitstallers kan dit gratis doen, terwyl die koste vir kommersiële uitstallers R1 000 beloop vir die duur van die AKV (van 2 tot 6 Oktober 2022).

- **VAKANTE WERKRUIMTE: Gemeentes Goudveld, Odendaalsrus en Kroonstad.** Kom leef jou roeping uit as predikant in die Vrystaatse Goudvelde. **Gemeente Goudveld**, gesetel in Welkom, is vakant. Die kerkraad was in ’n bestaande ooreenkoms met **Gemeente Kroonstad**. Deur sy voelers wyer te strek, het **Gemeente Odendaalsrus** ook besluit om deel te word van die pakt. So het daar ’n drieledige ooreenkoms tot stand gekom. (Dit mag wees dat ander gemeentes binne die Vrystaatse Goudvelde later deel kan word van hierdie pakt.) Die ooreenkoms stel die kerkraad van die NHKA se Gemeente Goudveld in staat om ’n **voltydse leraar** te beroep.

Belangstellende geordende en/of gelegitimeerde predikante vir wie die etos van die NHKA belangrik is en wat kerkordelik in dié Kerk predikant kan en mag wees, word uitgenooi om hulself as geroepenes beskikbaar te maak vir hierdie bedieningsruimte. Kontak hiervoor asseblief die voorsitter van die Beroepskommissie (Lydia) of die sekretariële beampte (Daniël) **voor of op 30 Julie 2022.** Met die oog op die samestelling van ’n groslys, mag dit moontlik wees dat belangstellendes uitgenooi kan word tot ’n gesprek en/of vir die lei van ’n erediens. Die kerkraad behou hom die reg voor om nie verplig te wees om enige van die belangstellendes te beroep nie. Alle belangstellendes sal in kennis gestel word van die uitkoms.

**Voorsitter van Beroepskommissie**
Lydia McIntyre 071 471 4514

**Sekretariële Beampte**
Daniël Pieterse 076 473 9045
Gemeentekantoor 071 647 6587
E-pos: **welkomnedherv@gmail.com**




## Vergaderings

- Donderdag 28 Julie: ADV Finkom

## Kerklike publikasies




- In die **Winter 2022-uitgawe van *Vroueflitse*** sit die NHSV hul reeks oor ouerskapbetrokkenheid en geestesgesondheid voort met twee opbouende artikels. **Ds Janine Bevolo-Manders** gee raad aan ouers in *Van ons tieners aan ons ouers* deur die oë van kinders gesien, met tipiese vrae wat kinders aan ouers kan vra tydens hul grootwordjare. **Mev Wilna Koekemoer** vertel op ’n komiese wyse in *Die prestasies en frustrasies van ouer word…* hoe die proses van ouerword ons almal raak en die ligpunte – ook vir ons geestesgesondheid – wat ons in die proses moet raaksien. Volg die skakel **https://nhsv.org.za/publikasies/**




- In die **Augustus 2022-uitgawe van *Die Hervormer*** spreek **ds Willem Sauer** die versugting uit dat ons besluite nie dogmas moet word nie. **Dr Barry van Wyk** skryf oor die Teologiese Opleidingsfonds wat gewone mense in staat stel om die buitengewone te vermag. **Dr Gerhard Lindeque** deel met ons die entoesiastiese Bybelverspreidingsprojekte van gemeentes, en **prof Andries Breytenbach** verduidelik hoe profetiese uitsprake in die Ou Testament geïnterpreteer moet word. **Ds C Johann de Bruin** vertel verder oor die span geestelike werkers tydens die Groot Trek, en ons berig oor die afsterwe van twee van die NHKA se emerituspredikante, ds JJP (Kobus) Müller en ds AS (At) van den Berg. Bykomend tot die verspreiding van die gedrukte weergawe van *Die Hervormer*, word die artikels van elke uitgawe **op die Kerk se webblad** geplaas, en ’n **pdf-weergawe** word ook aan predikante en gemeentes gestuur.

- ***Die Hervormer*** wil graag ’n **foto-artikel** plaas oor gemeentes se hantering van die afgelope twee jaar se Covid-regulasies. Stuur foto’s van eredienste waar lidmate met gesigmaskers aan die diens deelneem, saam buite die kerkgebou kuier, of ander byeenkomste soos vergaderings en roudienste bywoon, asook foto’s van predikante wat opnames maak. Kort vertellings is ook welkom. Stuur die foto’s en tekste asseblief aan mev Tessa Oppermann by **produksie@nhk.co.za**.

## SP Engelbrecht-museum



- **Die SP Engelbrecht-museum** vra die **volgende skenkings**, en sê **dankie** vir die skenkings wat reeds ontvang is, asook vir die oproepe en entoesiastiese ondersteuning:

  - Bulsak, baie ou besonderse laslappiekombers, donsveerkussing met besonderse sloop vir ons wa-katel. Ou vetkers in outydse blaker.
  - Vir pretfoto's (aandenkingsfoto’s) van besoekende kinders of volwassenes: kruisbande, kerkhoed, handsak, tjalie.
  - Een mannekyn vrouepop wat sit, pruik, kerkrok en onderrok; kerkhoed; skoene, handsak en sykouse.
  - Voorstelle om die Museum “lewend” te maak.
  - Vir twee domineepoppe: wit of gekleurde dashemp, swart skoene en sokkies, baard, pruik. Een staande mannekyn, een sittend; pyp, ou pakkie sigarette.
  - ’n Stuk vars roltabak.
  - Die oudste bottel Nagmaalwyn in die ganse Kerk; ’n spoggerige Nagmaaltafeldoek, gehekel of kant.
  - Troufoto van mnr en mev De Loor, 1929. Haar trourok is in die Museum.
  - Skouerruikertjies wat vroue in die 1980’s gedra het.
  - Drie sakke potgrond vir die groot potplante by die Museum.
  - Uitstalkaste; ou lessenaarlaaie sal ook help. Ons plaas perspex bo-oor.

  Kontak ds Johann de Bruin by 082 733 3951 of **cjdb@boomaap.co.za**. Die Museum in Eloffsdal, Pretoria is op afspraak oop, enige tyd of dag. Reël asseblief net ’n dag vooruit.

## Studentesake

- **Studentebehuising vir 2022. Gemeente Philadelphia** verskaf aan studente veilige behuising by Fleur de Lis op die kerkterrein. Dit bestaan uit enkelkamers met gedeelde fasiliteite. Die behuising is binne stapafstand van die kampus en winkelsentrums. Skakel dr Sanrie de Beer by 083 226 1866 of stuur ’n e-pos na **nhkphiladelphia@gmail.com** vir meer inligting.

- **Studentebehuising vir 2022. Gemeente Stellenbosch** kan veilige behuising op die kerkterrein en op die kampus aan studente verskaf. Dit bestaan uit óf enkelkamers met gedeelde fasiliteite, óf eenmenswoonstelle. Skakel dr Chris le Roux by 079 495 3239 of stuur ’n e-pos na **stellenbosch@nhk.co.za** vir meer inligting.

## Toerusting

- Die **Sentrum vir Gemeentelike Bediening (SGB)** bied die **IMG-kursus** (Inleiding tot Missionale Gemeentewees) gratis oor ’n periode van ses weke aan. Dit sal via Zoom plaasvind, daagliks van 09:00 tot 11:00, en wel op die volgende datums:

  - Die herontdekking van God se missie: 28 Julie
  - Die herontdekking van missionaliteit in ’n veranderende wêreld: 4 Augustus
  - Die herontdekking van die missionale aard van die gemeente: 11 Augustus
  - Die herontdekking van dissipelskap: 18 Augustus
  - Die herontdekking van missionale spiritualiteit: 25 Augustus
  - Die herontdekking van missionale luister in die gemeenskap: 1 September

Join Zoom Meeting
**https://us02web.zoom.us/j/9427689935?pwd=d3d3K1N1cDU0a1pIZCtjSS9ZSFY4dz09**
Meeting ID: 942 768 9935
Passcode: SGB

Navrae: Dr Frikkie Labuschagne by **karen@nhk.co.za**.

## ’n Gedig

**Paradysvoël**

Paradysvoël suig die heuningdou,
seun sluip nader, vas van klou.

Paradysvoël dartel hangstert verder,
seun lê aan: laksman, spelbederwer.

Paradysvoël lig en vrolik, borrel
oor van kleur. Seun vat foutloos korrel.

Paradysvoël sidder, hap die lug, plegstatig:
wees die dom seun tog genadig.

Maar met die laaste Vuurwerk, eeue later,
Paradysvoël, is Jy terug: volmaakter.

**George Louw**
(Uit: *Groen: Gedigte oor die omgewing,*
saamgestel deur Johann Lodewyk Marais, 90/3)

## Fondsinsamelings




- **Saterdag 6 Augustus: Gemeente Hartebeestpoort (Brits)**
  **Bergfietswedren**
  Keuse van 3 afstande: 36 km, 91 km, 156 km
  Plek: Brits-vliegveld
  Tyd: Begin om 07:00
  Aanlyn inskrywings kan gedoen word
  Vir navrae, kontak Michiel Ras by 072 605 1393
  Lourens van der Merwe by 082 809 3947
  Mias van der Merwe by 083 320 2466
  Webwerf vir meer inligting en inskrywings:
  **https://bosveldmtb.nhkhartebeestpoort.org.za/**
  of ook onder “Bike Hub”

- **Rata se Gholfdag ten bate van Kinderbeskerming.** Rata Maatskaplike Dienste se jaarlikse Gholfdag vind vanjaar op **23 Augustus by Silver Lakes Golf & Wildlife Estate** plaas – dit is hul agtste Gholfdag. Rata vra vir ondersteuning in die vorm van vierbalinskrywings, borgskappe en pryse. Inskrywingsvorms, borgskapvorms en meer inligting kan aangevra word van Annelle by **info@rata.org.za** of 064 437 5997.

- Rata **DRIVE for a CHILD Gholfdag-kompetisie**. Ondersteun kinderbeskerming en staan 'n kans om 'n **VIERBAL ter waarde van R4 600** te wen by Rata se Gholfdag op 23 Augustus. Vierbal, twee gholfkarretjies, middagete en aandete by die prysuitdeling ingesluit. **Inskrywingsfooi slegs R100.** Stuur asseblief bewys van elektroniese betaling aan **fin@rata.org.za**. Kontak Annelle by 064 437 5997 vir meer inligting.
  **Bankbesonderhede**
  Rata
  Absa tjekrekening 020 600 209
  Takkode 632 005

- **Oornagfasiliteite: Seniordal.** Seniordal beskik oor oornagfasiliteite wat ideaal is vir persone wat vergaderings, die AKV of kongresse moet bywoon, of wat dokters moet besoek, of verblyf benodig vir familie van persone wat in die hospitaal is. Daar is veilige parkering en 24-uur-sekuriteit. **Vir navrae oor tariewe en vir besprekings**, kontak Salomie Stolz gedurende kantoorure 08:00-12:00 by 012 329 4318, of na ure by 083 308 0520.

## Allegaartjie

Maroela Media berig op 26 Julie 2022 só oor 'n eienaardige gebeurtenis: "Diegene wat gedink het skaak is veilig, sal verbaas wees om te hoor dat hierdie sport ook soms sy beserings oplewer. Dit het die skaakgemeenskap aan die gons gehad toe 'n skaakrobot verlede week 'n sewejarige seun se vinger tydens 'n wedstryd by die Moskou-skaakfederasie in Rusland gebreek het. Die seun het na die robot se mening té vinnig 'n skuif gemaak, waarna hy die seun aan die vinger gegryp het. Die robot het glo nie sy skuif afgehandel nie... Die seun het die volgende dag weer gespeel en die toernooi met 'n vingerstut voltooi. Die seun is een van die 30 beste skaakspelers in die o.9-groep in Rusland."

## Barmhartigheid

- **Augustus is Vrouemaand.** Kom ons dink aan vroue wat deur al die jare met hart en siel dienswerk in die Kerk verrig. In goeie en slegte tye, in voorspoed en teëspoed, poog vroue om 'n verskil rondom hulle te maak. Dit getuig van toewyding. Uit hierdie toewyding spruit diensbaarheid as bewys van ons dankbaarheid vir alles wat ons elke dag só mildelik uit God se hand ontvang. Kyk ons na al die uitdagings en struikelblokke wat oorkom is én oorkom word, kan ons nie anders nie as om geseënd te voel. Daarom, kom ons wees daar vir mekaar. **Bemoedig, bemagtig en ondersteun mekaar.** Die belangrikste egter – **bid voortdurend vir mekaar**. Dan sal ons nooit ophou om 'n seën te wees nie.

- **VAKATURE: Pleegouers vir DPS-huis Ninapark**
  **Aanstellingsdatum: 1 Januarie 2023**
  **Sluitingsdatum vir aansoeke: 31 Julie 2022**
  Huisouers vir 6 seuns wat deur die Kinderhof geplaas is
  Verantwoordelik vir hul fisiese, emosionele en skolastiese hantering
  Saam met multidissiplinêre span, insluitende maatskaplike werkers

  **Wie kan aansoek doen?** Persone tussen ouderdomme van 30 en 55 jaar; verkieslik 'n getroude egpaar; persone van ander kerkgroepe met dieselfde Christelike grondslag as die NHKA kan aansoek doen; moet vir tydperk van aanstelling wel inskakel by die betrokke NHKA-gemeente; moet bereid wees om psigometriese toetse te ondergaan.

  **Pakket:** Benewens 'n maandelikse kontantvergoeding, word gratis inwoning in die DPS-huis ook ingesluit.

  **Kwalifikasies:** Met aanstelling sal persone opleiding ontvang in Ontwikkelingstrauma.

**Indien u belangstel, kontak die volgende:**
Mnr Otto Viljoen: 079 495 2007 / 060 968 4907 / **kinderhuise@nhk.co.za**
Mev Suzanne van Deventer: 066 477 8904 / **suzanne@rata.org.za**
Mev Kotie van Niekerk: 060 968 4906 / **kotie@rata.org.za**

**Webtuiste: https://pleegsorg.org.za/**
**Facebook:** DPS Huise

- **DPS Pleegsorg: Kamp**
  **3-7 Oktober 2022**
  **Tarentaalpan, Thabazimbi**
  Indien u sou belangstel om een van die 36 kinders te borg teen R1 500 per kind, kontak **Suzanne van Deventer** by **suzanne@rata.org.za** of 066 477 8904. **Inbetalings** kan ook gedoen word by: Kinderhuise van die NHKA, ABSA Besigheidsrekening, rekeningnommer 020 390 093, takkode 623 0005, beskrywing Oktoberkamp (e-pos bewys van betaling na **suzanne@rata.org.za).** Hierdie is 'n geleentheid om te belê in 'n kind se toekoms. Saam skep ons 'n beter môre. U is ook welkom om ons **webwerf** te besoek by **www.pleegsorg.org.za** of ons **Facebook-blad** by DPS Huise om op die hoogte te bly van die nuutste verwikkelinge.

- **Athalia Uitreik in Bloemfontein**
  **Verblyf vir en versorging van bejaardes en gestremdes**
  Enkel- en deelkamergeriewe in 'n huislike atmosfeer
  Verblyf met 3 etes ingesluit
  Verblyf sonder versorging R1 700 per maand
  24-uur-versorging onderhandelbaar
  (maksimum R8 000 per maand deelkamer)
  Navrae: 079 826 6363 / 084 023 0315 / 051 522 6089
  **navrae@athalia.co.za**
  **www.athalia.co.za**

- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergeriewe met drie etes per dag teen R4 435 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Vicky Muller by 012 386 5310.

- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het tans plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes teen R9 760 per maand. 'n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24-uur-versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Behuisingsfasiliteite teen R5 990 per maand is ook beskikbaar op dieselfde perseel; dit sluit drie etes en weeklikse wasgoed en skoonmaak van kamers in asook gratis deelname aan sosiale programme. Vir meer besonderhede, skakel matrone Teresa Broodryk by 056 811 2185.

- **Seniordal-aftreeoord**
  Seniordal is die eiendom van die NHKA se **Gemeente Pretoria** en spesialiseer in lewensregverkope en verhuring aan selfversorgende persone ouer as 55 jaar. Die oord is geleë in Rietondale, Pretoria, wat bekend is as 'n stil, veilige, boomryke omgewing en 'n voëlparadys. Seniordal beskik oor 24-uur-veiligheidsdienste en toegangsbeheer, en bestaan uit die volgende woonstelle:
  Enkelwoonstel (*Bachelor*): R510 000
  Eenslaapkamer: R515 000
  1½-slaapkamer: R520 000
  Tweeslaapkamer: R560 000
  Navrae: Salomie Stolz 012 329 4318 / 083 308 0520



## Betaalde advertensies in hierdie nuusbrief

**Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente 'n projek prominent wil bekendstel, kan in hierdie nuusbrief geplaas word.** *(Tekskennisgewings van gemeentes is gratis.)* Indien 'n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, **moet dit 15,5 cm breed x 6,5 cm hoog wees, resolusie 1878 x 815 pixels, 150-300 dpi.**

Stuur die voorgestelde **teks van nie meer nie as 75 woorde** met of sonder eenvoudige grafika of ’n foto saam met die bewys van betaling aan mev Tessa Oppermann, per e-pos na **produksie@nhk.co.za**. GEEN advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie.

Die **teks en bewys van betaling** moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Maandag voor die betrokke uitgawe se verskyning. *Blitspos* word normaalweg die Woensdagoggend afgehandel en teen die middag op die webblad gelaai. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings.

**Die koste is R250 per plasing (BTW ingesluit)**. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + Blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om ’n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.**

## Gebed vir ons land

Heer, wanneer blinde mense gesmeek het vir genade, het U hulle begenadig. Ek vra dat U ons land en sy mense begenadig. Help ons om al hoe meer op U te vertrou en aan U gehoorsaam te wees. Gee vir ons leiers wat ons nie net na ’n politieke party of platform sal oproep nie, maar na U.

Vandag wil ek soos Dawid in Psalm 17: 1 smeek: *Luister tog, Here, na my regverdige saak, let op my hulpgeroep.* Stort u geregtigheid uit oor ons nasie. Herstel alles wat gebreek is, vul aan wat weggeraap is, en wys my wat my rol is in die werk wat U hier wil verrig.

O, Jesus was reg, soos ons in Matteus 12: 25 leer: *Elke koninkryk wat onderling verdeeld is, gaan te gronde* – ook ons s’n. Inspireer ons leiers om ’n weg te vind uit hierdie ruigte van verdeeldheid wat ons verstrik. Mag hul welwillende woorde en deurdagte dade bydra tot opregte eenheid.

Heer, ek bid vandag dat ons leiers vas sal staan vir wat reg is; dat hulle alles sal gee vir hul land en sy mense; dat hulle nie sal toegee aan versoeking nie en nie korrupsie ’n vastrapplek sal laat kry in hul gedagtes en optrede nie. Hou wag oor hul harte, Here. Gee hulle integriteit.

Vader, ons land, ons mense, is nie volmaak nie. U weet dit, en U sien ons vir wie ons is. Daarom bid ek vir u verlossing, en ek vertrou dat U vir ons hoop en genesing sal bring, nie omdat ons dit verdien nie, maar vanuit u onmeetlike en onfeilbare genade. Werk in en met ons nasie, Heer.

Ons smeek dit, in die Naam van Jesus, ons Verlosser.

Amen.

https://www.tyndale.com/sites/readthearc/5-powerful-ways-to-pray-for-our-nation-this-presidents-day/

(Afrikaanse verwerking: Tessa Oppermann)

Redakteur: Ds Willem Sauer
Subredakteurs: Ds Etienne Fourie en dr Johan van Staden
Koördineerder: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mnr Hugo van Niekerk